



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE

## NOVEMBER 2011

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n 18 bladsy-antwoordeboek.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik deur en volg hulle noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.

3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.

4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 30 punte; 15 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Vervaardiging | **LU1 Finansiële rekeningkunde**<br>AS1 Konsepte in vervaardiging<br>**LU2 Bestuursrekeningkunde**<br>AS2 Produksiekostestaat<br>AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt<br>**LU3 Bestuur van hulpbronne**<br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| **VRAAG 2: 35 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Bankversoening en Krediteure-rekonsiliasie | **LU1 Finansiële rekeningkunde**<br>AS4 Versoening en vertolking<br>**LU3 Bestuur van hulpbronne**<br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| **VRAAG 3: 80 punte; 50 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Maatskappykonsepte, Inkomstestaat, Verkoop van Bates en Ouditverslag | **LU1 Finansiële rekeningkunde**<br>AS1 Konsepte<br>AS5 Finansiële state<br>AS6 Ouditverslae<br>**LU3 Bestuur van hulpbronne**<br>AS3 Verkoop van bates<br>AS5 Professionele liggame |

| **VRAAG 4: 80 punte; 50 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Kontantvloeistaat, Verhoudings en Vertolking | **LU1 Finansiële rekeningkunde**<br>AS1 Konsepte<br>AS5 Finale rekeninge, finansiële state en ontleding en vertolking van finansiële state |

| **VRAAG 5: 45 punte; 25 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Begroting en Ontleding van Debiteure | **LU1 Finansiële rekeningkunde**<br>AS4 Debiteure-ouderdomsontleding<br>**LU2 Bestuursrekeningkunde**<br>AS3 Ontleed en vertolk 'n Kontantbegroting<br>**LU3 Bestuur van hulpbronne**<br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

| **VRAAG 6: 30 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Voorraadwaardasie | **LU1 Finansiële rekeningkunde**<br>AS1 Konsepte<br>**LU3 Bestuur van hulpbronne**<br>AS4 Berekening en waardering van voorrade<br>AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe |

## VRAAG 1: VERVAARDIGING (30 punte; 15 minute)

1.1 **KOSTEKONSEPTE**

**GEVRA:**

Dui vir elke item hieronder die toepaslike kategorie aan. Kies jou antwoorde uit die volgende opsies:

| direkte arbeid; indirekte arbeid; direkte materiaal; indirekte materiaal |
|---|

1.1.1 Koste van die grondstof wat in die produksieproses gebruik word (2)

1.1.2 Salaris van die fabrieksvoorman (2)

1.1.3 Die skoonmaakmiddels wat in die fabriek gebruik word (2)

1.2 **SLEEPWELL VERVAARDIGERS**

**GEVRA:**

Voltooi die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 September 2011. 'n Paar van die besonderhede is vir jou ingeskryf. Jy moet die ontbrekende besonderhede en syfers voltooi. (10)

**INLIGTING:**

Die inligting hieronder is uit die finansiële rekords van Sleepwell Vervaardigers geneem op 30 September 2011, die einde van die finansiële jaar.

| | **R** |
|---|---|
| Klaarprodukte (1 Oktober 2010) | 55 800 |
| Goedere-in-bewerking (1 Oktober 2010) | 45 000 |
| Administrasiekoste | 75 000 |
| Direkte/Grondstofkoste | 1 250 000 |
| Direkte-arbeidskoste | 640 500 |
| Fabrieksbokoste | 728 000 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 306 000 |
| Koste van produksie van klaarprodukte | 2 625 000 |
| Verkope | 3 952 650 |
| Koste van verkope | ? |
| Klaarprodukte (30 September 2011) | 45 700 |
| Goedere-in-bewerking (30 September 2011) | ? |

## 1.3 PASTEIE GALORE

Hierdie besigheid het 15 500 pasteie vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 geproduseer.

**GEVRA:**

1.3.1 Bereken die direktemateriaalkoste per eenheid vir 2011. (3)

1.3.2 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 Junie 2011. (5)

1.3.3 Behoort die besigheid tevrede te wees met die aantal eenhede wat hulle tans produseer? Verduidelik kortliks. (3)

1.3.4 Die direktemateriaalkoste per eenheid vir 2010 het R3,80 beloop. Die eienaar (Cathy) voel dat, om winste te verhoog, sy haar koste moet sny of haar verkoopprys moet verhoog. Sy oorweeg die opsie om haar koste te verlaag deur minder bestanddele in die vulsel te gebruik, maar dieselfde verkoopprys te behou.

Behoort sy voort te gaan met haar plan? Gee EEN geldige rede vir jou besluit. (3)

**INLIGTING:**

Die volgende inligting is uit die boeke geneem:

| | **TOTAAL** | **PER EENHEID** |
|---|---:|---:|
| Verkope | R224 750 | R14,50 |
| Totale veranderlike koste | R131 750 | R8,50 |
| Totale vaste koste | R89 900 | R5,80 |
| Direktemateriaalkoste | R79 050 | ? |

**30**

## VRAAG 2: REKONSILIASIES (35 punte; 20 minute)

2.1 **BANKVERSOENING**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Ace Handelaars vir September 2011.

**GEVRA:**

2.1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

(a) 'n Interne ouditeur sal die Bankversoeningstaat aan die einde van elke maand wil bestudeer. (2)

(b) 'n Debietsaldo op die Bankstaat toon 'n ongunstige saldo. (2)

(c) Diensfooie en rente op 'n oortrokke bankrekening sal in die Kontantbetalingsjoernaal as Bankkoste opgeteken word. (2)

(d) 'n Vooruitgedateerde tjek in September 2011 wat deur Ace Handelaars uitgereik is, maar Februarie 2012 gedateer is, sal eers in Februarie 2012 in die Kontantbetalingsjoernaal van Ace Handelaars opgeteken word. (2)

2.1.2 Bereken die korrekte banksaldo van Ace Handelaars op 30 September 2011 deur die syfers wat in die Kontantjoernale opgeteken moet word, te gebruik. Toon ALLE bewerkings. (5)

2.1.3 Gebruik die inligting hieronder om die Bankversoeningstaat van Ace Handelaars op 30 September 2011 voor te berei. (7)

2.1.4 Verwys na die uitstaande deposito van R43 000, gedateer 11 September 2011. Waarom behoort die interne ouditeur bekommerd te wees? Noem TWEE punte. (4)

**INLIGTING OP 30 SEPTEMBER 2011:**

- **Saldo's voordat die bankversoening gedoen is:**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo van die Bankrekening in die Grootboek op 30 September 2011 | R60 000 | Gunstig |
| Saldo per Bankstaat op 30 September 2011 | R17 600 | Gunstig |
| Verskil | R42 400 | |

- **Individuele verskille ontdek tussen die boeke van Ace Handelaars en die Bankstaat vir September 2011:**

| | BESONDERHEDE | BEDRAG |
|---|---|---|
| 1. | Tjeknr. 657, gedateer 2 Maart 2011, verskyn steeds nie in Bankstaat nie | R2 000 |
| 2. | Deposito, gedateer 11 September 2011, verskyn nie in Bankstaat nie | R43 000 |
| 3. | Geweierde tjek, oorspronklik op 15 September 2011 van 'n debiteur ontvang, in Bankstaat getoon, maar nie in Joernale nie | R9 500 |
| 4. | Tjeknr. 931, gedateer 18 September 2011, verskyn nie in Bankstaat nie | R4 800 |
| 5. | Tjeknr. 936, gedateer 30 Oktober 2011, verskyn nie in Bankstaat nie | R10 200 |
| 6. | Deposito, gedateer 28 September 2011, verskyn nie in Bankstaat nie | R5 700 |
| 7. | Bankkoste in Bankstaat, maar nie in Joernale nie | R1 200 |

Kopiereg voorbehou

2.2 **KREDITEURE-REKONSILIASIE**

'n Staat van 'n krediteur, Kairo Verskaffers, wat op 28 Februarie 2011 ontvang is, toon dat Ace Handelaars hulle R11 390 skuld. Volgens Ace Handelaars is die uitstaande bedrag slegs R7 910.

**GEVRA:**

Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK om die verskille aan te dui wat ontdek is deur die rekening in die Krediteuregrootboek te vergelyk met die staat wat van Kairo Verskaffers ontvang is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom en 'n plus- (+) of minus- (-) teken om 'n toename of afname in die saldo te toon. Bereken die korrekte saldo/totaal aan die einde. (11)

**INLIGTING:**

Na ondersoek is gevind dat:

1. 'n Tjek vir R3 000 deur Ace Handelaars uitgereik, is nog nie in die staat wat van Kairo Verskaffers ontvang is, opgeteken nie.

2. Die tjek ter vereffening van die Januarie-rekening is nie binne 7 dae deur Kairo Verskaffers ontvang nie, daarom moet die korting van R500 wat deur Ace Handelaars in die Krediteuregrootboek opgeteken is, gekanselleer word.

3. Terugsendings wat as R810 in die Krediteuregrootboek van Ace Handelaars opgeteken is, is in die staat wat van Kairo Verskaffers ontvang is, as R900 opgeteken. Ace Handelaars het die koste van goedere teruggestuur, verkeerd bereken.

4. 'n Faktuur wat van Kairo Verskaffers ontvang is, is korrek as R7 700 deur Ace Handelaars opgeteken. In die staat van Kairo Verskaffers ontvang, is dit egter foutiewelik as R770 getoon.

5. 'n Faktuur vir R3 500 wat van Kairo Verskaffers ontvang is, is foutiewelik as 'n kredietnota deur Ace Handelaars opgeteken.

**35**

**VRAAG 3: KONSEPTE, INKOMSTESTAAT, BATEVERKOPE EN OUDITVERSLAG**
**(80 punte; 50 minute)**

3.1 **PASITEMS – AARP-KONSEPTE**

**GEVRA:**

Kies 'n voorbeeld uit KOLOM B om by die konsep met betrekking tot maatskappye in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Wesenlikheid | A | Die huurder het R39 000 betaal, wat huur vir een maand van die volgende jaar insluit. Slegs R36 000 word in die Inkomstestaat opgeteken. |
| 3.1.2 | Omsigtigheid | B | Alhoewel die kosprys van die voorraaditems fluktueer, word die voorraad teen kosprys opgeteken, met die aanname dat dit in die toekoms verkoop sal word. |
| 3.1.3 | Paring | C | Die direkteursfooie moet afsonderlik van salarisse en lone getoon word. |
| 3.1.4 | Lopendesaak-konsep | D | Al is die markwaarde van grond en geboue R2 m, word dit teen die oorspronklike aankoopprys van R1 200 000 opgeteken. |
| 3.1.5 | Historiesekoste-konsep | E | 'n Bedrag wat as gevolg van voorraad-diefstal verloor is, word afgeskryf, al is daar 'n moontlikheid dat dit in die toekoms verhaal mag word. |

(5 x 2) (10)

3.2 Jy word voorsien van die Vooraansuiweringsproefbalans van Aneesa Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2011.

**GEVRA:**

3.2.1 Stel die Bateverkoperekening op om die verkoop van voertuie te boekstaaf. Sien inligting G en H onder Aansuiwerings hieronder. (9)

3.2.2 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2011. Die notas tot die finansiële state word NIE gevra NIE. Toon bewerkings tussen hakies. (47)

3.2.3 Die hoof uitvoerende beampte (HUB) beplan 'n vakansie vir hom en sy gesin. Hy wil hê dat die maatskappy vir die vakansie moet betaal en dat dit van die fooie wat vir die volgende jaar aan hom verskuldig is, afgetrek moet word. Dit sal die bedrag wat hy aan inkomstebelasting moet betaal, verminder. Hy sê dat hy besigheidsvennote tydens sy vakansie sal ontmoet. Verduidelik kortliks wat jy aan die HUB sal sê. (3)

Kopiereg voorbehou 

## INLIGTING:

1. **ANEESA BPK.**
**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS SOOS OP 30 JUNIE 2011**

| | DEBIET | KREDIET |
|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **R** | **R** |
| Gewone aandelekapitaal | | 2 820 000 |
| Behoue inkomste | | 684 460 |
| Verbandlening: Joy Bank | | 804 500 |
| Grond en geboue | 2 097 000 | |
| Voertuie | 814 000 | |
| Toerusting | 616 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 294 800 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | | 341 000 |
| Handelsvoorraad | 955 000 | |
| Verbruiksgoedere voorhande | 15 000 | |
| Bank | 313 100 | |
| Kleinkas | 3 300 | |
| Debiteurekontrole | 396 000 | |
| Krediteurekontrole | | 487 300 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 261 800 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 18 000 |
| Vaste deposito: Broad Bank (8% p.j.) | 495 000 | |
| | | |
| **Nominalerekeninge-afdeling** | | |
| Verkope | | 10 500 000 |
| Debiteureafslag | 145 200 | |
| Koste van verkope | 7 487 000 | |
| Huurinkomste | | 176 880 |
| Rente-inkomste (op vaste deposito) | | 26 630 |
| Oninbare skulde verhaal | | 2 300 |
| Direkteursfooie | 840 000 | |
| Ouditfooie | 73 800 | |
| Salarisse en lone | 660 000 | |
| Verpakkingsmateriaal | 23 100 | |
| Bemarkingsuitgawes | 480 000 | |
| Diverse uitgawes | 63 770 | |
| Oninbare skulde | 12 000 | |
| Gewone aandeledividende | 404 800 | |
| | | |
| | 16 155 870 | 16 155 870 |

2. **AANSUIWERINGS:**

A. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2011 het die volgende voorrade voorhande getoon:

- Handelsvoorraad R902 150
- Verpakkingsmateriaal R4 260

B. Direkteursfooie van R22 500 is uitstaande aan die einde van die finansiële tydperk.

C. Maak voorsiening vir uitstaande rente op 'n vaste deposito. Hierdie belegging bestaan reeds die hele jaar. Rente word nie gekapitaliseer nie.

D. 'n Debiteur wat ons R32 000 skuld, word insolvent verklaar. Sy boedel betaal 40 sent in elke rand, wat korrek opgeteken is. Die oorblywende bedrag moet as oninbaar afgeskryf word.

E. Voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van debiteure aangesuiwer word.

F. Die huur is op 1 April 2011 met R1 320 verhoog. Die huurder het die huur tot aan die einde van Julie 2011 betaal.

G. 'n Voertuig is op 31 Desember 2010 op krediet verkoop vir R90 000. Die vastebate-register toon die volgende met betrekking tot hierdie voertuig:

| | **R** |
|---|---|
| Kosprys | 235 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op 1 Julie 2010 | 105 750 |

Hierdie transaksie is nog nie deur die boekhouer opgeteken nie.

H. Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:

- Voertuie teen 15% p.j. op kosprys
- Toerusting teen 10% p.j. op die verminderdesaldo-metode.

**LET WEL:** Nuwe toerusting ter waarde van R48 000 is op 1 September 2010 aangekoop. Dit is korrek opgeteken.

I. Die leningstaat wat op 30 Junie 2011 van Joy Bank ontvang is, toon die volgende:

| | **R** |
|---|---|
| Saldo aan die begin van die finansiële jaar | 1 125 000 |
| Terugbetalings gedurende die jaar | 458 000 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo aan die einde van die finansiële jaar | 804 500 |

J. Inkomstebelasting vir die jaar, R150 285.

3.3 **OUDITVERSLAG**

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die ouditverslag van die onafhanklike ouditeurs van Aneesa Beperk.

**GEVRA:**

Beantwoord die volgende vrae, gebaseer op die uittreksel uit die ouditverslag hieronder.

3.3.1 Verduidelik kortliks die rol van 'n onafhanklike ouditeur. (2)

3.3.2 Het Aneesa Beperk 'n gekwalifiseerde of 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang? Verduidelik kortliks jou keuse. (3)

3.3.3 By verdere ondersoek is ontdek dat die bemarkingsuitgawe in die Inkomstestaat R120 000 vir 'n vakansie vir die HUB en sy gesin ingesluit het. Dit het hulle akkommodasie in luukse hotelle en besigheidsklas-vliegtuigkaartjies gedek.

Die HUB het die boekhouer gevra om die bemarkingsuitgawes met die R120 000 te debiteer en hy het die onafhanklike ouditeur gevra om dit te ignoreer, aangesien dit in die finansiële state opgeteken is.

- Die onafhanklike ouditeur voel dat hy nie sy werk behoorlik sal doen as hy tot die versoek van die HUB instem nie. Verduidelik kortliks waarom hy so voel. (2)
- Noem TWEE moontlike gevolge vir die ouditeur indien hy tot hierdie versoek instem. (4)

**UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURS**

Ons het die jaarlikse finansiële state van Aneesa Beperk, soos uiteengesit op bladsy 22 tot 43, vir die jaar geëindig 30 Junie 2011, geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek, wat op ons oudit gebaseer is.

Die oudit is volgens die Internasionale Standaarde van Ouditering gedoen, wat vereis dat ons die oudit doen om redelike versekering te kry dat die finansiële state sonder wanvoorstellings is.

**Ouditopinie**

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy op 30 Junie 2011, behalwe vir die bemarkingsuitgawe in die Inkomstestaat wat nie geverifieer kon word nie, aangesien daar geen dokumentasie vir hierdie uitgawe was nie.

**Hablutzel & Randall**
**Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)** **15 Augustus 2011**

**80**

**VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT, VERHOUDINGS EN VERTOLKING**
**(80 punte; 50 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Zipho Beperk, 'n publieke maatskappy. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2011.

**GEVRA:**

4.1 Dui aan waar elk van die volgende items in die Balansstaat geplaas sal word deur die antwoord uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| nie-bedryfsbates; bedryfsbates; nie-bedryfslaste; bedryfslaste |
|---|

4.1.1 Lopende gedeelte van 'n lening (2)

4.1.2 Vaste deposito's (verval oor twee jaar) (2)

4.1.3 Handels- en ander ontvangbare bedrae (2)

4.1.4 Oortrokke bankrekening (2)

4.2 Stel die Behoue-Inkomstenota tot die Balansstaat op 28 Februarie 2011 op. (8)

4.3 Voltooi die nota vir die rekonsiliasie tussen netto wins voor belasting en kontant gegenereer uit bedrywighede vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011. (11)

4.4 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011. Sommige van die syfers is in die ANTWOORDEBOEK ingeskryf. (23)

4.5 Bereken die volgende vir 2011:

4.5.1 Verdienste per aandeel (3)

4.5.2 Netto batewaarde per aandeel (4)

4.5.3 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

4.6 Die direkteure is in die algemeen gelukkig met die verbetering van die likiditeit van 2010 tot 2011. Haal DRIE toepaslike finansiële aanwysers aan vir albei jare (werklike verhoudings of syfers) om hul mening te staaf. (6)

4.7 Lewer kommentaar op die prys waarteen die nuwe aandele op 1 Maart 2010 uitgereik is. Sal die direkteure en aandeelhouers hiermee tevrede wees? Verduidelik, deur toepaslike syfers uit die vraag aan te haal. (5)

4.8 Die direkteure het gedurende die jaar beduidende besluite geneem wat die kontantsaldo's duidelik geaffekteer het. Noem DRIE hiervan deur in elke geval syfers uit die Kontantvloeistaat aan te haal. Noem waarom elk van hierdie besluite 'n belangrike effek op die toekomstige uitslae van die maatskappy sal hê. (9)

**INLIGTING:**

1. **Uittreksel uit Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering | R203 000 |
| Rente op lening (16% p.j.) | 86 400 |
| Netto wins voor belasting | 1 020 350 |
| Inkomstebelasting | 306 105 |
| Netto wins na belasting | 714 245 |

2. **Syfers uit die Balansstaat en Notas op 28 Februarie 2011**

| | **2011** | **2010** |
|---|---|---|
| Gewone aandeelhouersekwiteit | ? | 2 572 500 |
| Gewone aandelekapitaal | 1 800 000 | 1 233 000 |
| Aandelepremie | 1 313 400 | 916 500 |
| Behoue inkomste | ? | 423 000 |
| Vaste/Tasbare bates | 2 790 000 | 3 824 500 |
| Lening (18% p.j.) | 500 000 | 850 000 |
| Voorrade | 381 000 | 408 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 1 155 000 | 3 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae | 1 640 000 | 1 198 500 |
| Handelsdebiteure | 1 640 000 | 1 150 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | - | 48 500 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 1 803 355 | 2 011 500 |
| Handelskrediteure | 1 534 355 | 1 030 000 |
| Opgehoopte uitgawes (Telefoon) | 8 000 | 8 700 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 69 000 | - |
| Aandeelhouers vir dividende | 192 000 | 57 700 |
| Oortrokke bankrekening | - | 915 100 |

3. **Gewone aandele**

**Besonderhede van gemagtigde aandele:**
750 000 aandele teen R3,00 elk

**Besonderhede van uitgereikte aandele:**
411 000 gewone aandele op 1 Maart 2010
189 000 gewone aandele uitgereik teen 510 sent op 1 Maart 2010
600 000 gewone aandele op 28 Februarie 2011

Die markprys van die aandele op die JEB was 670 sent op 1 Maart 2010. Dit het met 20 sent gedurende die finansiële jaar toegeneem.

4. **Dividende**

- 'n Tussentydse dividend van 66 sent per aandeel is op 30 September 2010 betaal.
- Die direkteure het 'n finale dividend van 32 sent per aandeel op 28 Februarie 2011 aanbeveel.

5. **Vaste bates**

- Grond en geboue is vir R1 250 000 verkoop.
- Toerusting is vir kontant aangekoop.
- Geen ander tasbare/vaste bates is aangekoop of verkoop nie.

6. **Finansiële aanwysers**

Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

| | **2011** | **2010** |
|---|---|---|
| Solvensie | 2,6 : 1 | 1,9 : 1 |
| Debiteure-invorderingsperiode | 28 dae | 32 dae |
| Krediteure-betalingsperiode | 20 dae | 43 dae |
| Voorraadomsetsnelheid | 6 keer | 8 keer |
| Bedryfsverhouding | 1,8 : 1 | 0,8 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,5 : 1 | 0,6 : 1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | ? | 0,3 : 1 |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit | 23% | 19% |
| % opbrengs op totale kapitaal aangewend | 27% | 12% |
| Netto batewaarde per aandeel | ? | 603 sent |
| Dividende per aandeel | 98 sent | 112 sent |
| Verdienste per aandeel | ? | 206 sent |

**80**

# LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO

**VRAAG 5: BEGROTING EN ONTLEDING VAN DEBITEURE (45 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van die Kontantbegroting en verwante inligting van Lekazi Meubileerders vir die drie maande geëindig 31 Desember 2011. Alfred Celtic is die eienaar van die besigheid.

**GEVRA:**

5.1 Stel 'n Debiteure-invorderingskedule vir November 2011 op. (8)

5.2 Bereken die syfers wat deur A–E in die Kontantbegroting aangedui word. (11)

5.3
- Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingsperiode (in dae) vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2011.
  **LET WEL:** Die werklike saldo in die Debiteurekontrolerekening was R79 500 aan die begin van die finansiële jaar en R83 500 aan die einde van die finansiële jaar.
- Verduidelik of Alfred met hierdie invorderingsperiode tevrede behoort te wees. Gee EEN rede vir jou mening. (8)

5.4 Verwys na die Debiteure-ouderdomsontleding. Alfred voel dat hy probleme met die beheer oor debiteure ondervind. Gee TWEE verskillende redes waarom hy so voel. Verduidelik kortliks. Identifiseer die probleemdebiteur(e) in elke geval. (6)

5.5 Bereken die persentasie verhoging in salarisse en lone in Desember 2011. Een van die werknemers, Mona Lott, is nie gelukkig met hierdie verhoging nie. Noem TWEE punte in antwoord op haar klagte. (4)

5.6 Op 31 Oktober 2011 het jy die syfers hieronder geïdentifiseer. Verduidelik wat jy aan Alfred sal noem oor elk van die volgende items aan die einde van Oktober, en gee in elke geval EEN punt van raad:

| | **OKTOBER 2011** | |
|---|---|---|
| | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Advertering | R1 000 | R1 000 |
| Diverse uitgawes | R2 600 | R1 900 |
| Telefoon | R900 | R3 800 |
| Huurinkomste | R7 500 | R1 150 |

(8)

**INLIGTING:**

1. **Kredietterme en kredietlimiete:**
   Dit is Alfred se beleid om aan debiteure kredietlimiete van R15 000 elk toe te staan. Daar word van hulle verwag om hulle rekeninge binne 30 dae vanaf die datum op die staat te vereffen.

2 **Verkope en koste van verkope**
- Totale verkope vir die afgelope finansiële jaar, R960 000.
- 75% van verkope is op krediet, die res is vir kontant.
- Die totale verkope vir Oktober tot Desember was soos volg:
  Oktober R81 000; November R78 000; Desember R75 000.
- Die besigheid gebruik te alle tye 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- Voorraad word op 'n maandelikse basis vervang.
- 50% van alle aankope is vir kontant, die res is op krediet.
- Krediteure word in die maand na die aankope betaal om 'n 5%-korting te ontvang.

3. **Debiteure-invordering:**
Daar word van debiteure verwag om soos volg te betaal:
- 25% van debiteure betaal hulle rekeninge in die maand van die verkope (lopend).
- 40% betaal in die maand na die verkoopstransaksie-maand (30 dae).
- 30% betaal in die tweede maand (60 dae).
- 5% word afgeskryf.

4. **DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 31 OKTOBER 2011**

**LET WEL:**
- Besigheidsbeleid stel kredietlimiete teen R15 000 per rekening.
- Die kredietterme is 30 dae.

| Naam | Totaal | Lopende maand | 30 dae | 60 dae | 60 dae+ |
|---|---|---|---|---|---|
| A Botha | 15 000 | 15 000 | | | |
| D Scott | 29 000 | 10 000 | 5 000 | 2 000 | 12 000 |
| P Raj | 8 500 | | | 8 500 | |
| C Ntuli | 16 400 | 11 200 | 5 200 | | |
| N Mpo | 14 600 | 5 800 | 5 300 | 3 500 | |
| | 83 500 | 42 000 | 15 500 | 14 000 | 12 000 |

**LEKAZI MEUBILEERDERS**
**KONTANTBEGROTING VIR DIE DRIE MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2011**

| | 2011 OKTOBER | 2011 NOVEMBER | 2011 DESEMBER |
|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | **137 715** | **84 825** | **81 940** |
| Kontantverkope | **C** | 19 500 | 18 750 |
| Invordering van debiteure | 59 965 | ? | 55 690 |
| Huurinkomste | ? | ? | ? |
| Verbandlening van XYZ Bank | ? | | |
| | | | |
| **BETALINGS** | **81 300** | **110 350** | **105 160** |
| Aankoop van voorraad vir kontant | **D** | 26 000 | 25 000 |
| Betaling aan krediteure | 26 600 | **E** | 24 700 |
| Terugbetaling van lening | | 5 000 | 5 000 |
| Rente op lening | | 750 | 750 |
| Bankkoste | 1 200 | 1 350 | ? |
| Salarisse en lone | 22 000 | 22 000 | 23 760 |
| Telefoon | 900 | 900 | 900 |
| Advertering | 1 000 | 1 000 | 1 000 |
| Diverse uitgawes | 2 600 | 2 700 | 2 800 |
| Onttrekkings | ? | ? | ? |
| | | | |
| Surplus (Tekort) vir die maand | 56 415 | (25 525) | (23 220) |
| Kontant aan die begin van die maand | 8 300 | 64 715 | **A** |
| Kontant aan die einde van die maand | 64 715 | 39 190 | **B** |

**45**

**VRAAG 6: VOORRAADWAARDERING** **(30 punte; 20 minute)**

6.1 **VOORRAADWAARDERING**

Speedy Handelaars verkoop een tipe fiets aan groot kleinhandelbesighede in Suid-Afrika. Hulle gebruik die EIEU-metode om voorraad te waardeer en gebruik die periodieke voorraadstelsel. Steve Martin is die eienaar van die besigheid.

**GEVRA:**

6.1.1 Waarvoor staan die letters *EIEU*? (2)

6.1.2 Bereken die waarde per fiets voorhande op 1 Julie 2010. (2)

6.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2011 volgens die EIEU-metode. (4)

6.1.4 Bereken die bruto wins op 30 Junie 2011. (6)

6.1.5 Die eienaar en die rekenmeester stem nie saam oor die voorraadwaardasiemetode nie. Steve, die eienaar, wil voortgaan om die EIEU-metode te gebruik, want hy sê dat dit makliker is om te bereken. Bongi, die rekenmeester, wil die geweegde-gemiddelde-metode gebruik, want sy sê dat die wins minder sal wees, en dus sal die inkomstebelasting ook minder wees.

Wat sal jy, as interne ouditeur, aan Steve en Bongi sê? Noem TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

Die inligting hieronder verskyn in die rekords van Speedy Handelaars vir die jaar geëindig 30 Junie 2011. Die besigheid gebruik 'n vaste verkoopprys van R6 750 per fiets.

| INLIGTING VAN VOORRAAD | AANTAL FIETSE | WAARDE PER FIETS | TOTALE WAARDE |
|---|---|---|---|
| Fietse voorhande op 1 Julie 2010 | 60 | ? | R240 000 |
| Fietse gedurende die jaar gekoop | 630 | | R2 606 000 |
| September 2010 | 250 | R3 800 | R950 000 |
| Januarie 2011 | 200 | R4 500 | R900 000 |
| Mei 2011 | 180 | R4 200 | R756 000 |
| | | | |
| Fietse van Januarie-aankope teruggestuur | 5 | R4 500 | R22 500 |
| Fietse gedurende die jaar verkoop | 450 | R6 750 | R3 037 500 |
| Fietse voorhande op 30 Junie 2011 | 235 | ? | ? |

6.2 **PROBLEEMOPLOSSING**

Quick Bikes verkoop een tipe bromponie. Die eienaar, Doctor Zulu, het drie takke wat in Riverside, Valley View en Mountain Rise bedryf word. Die drie takke word onderskeidelik deur Robby, Vusi en Melanie bestuur.

Doctor Zulu het die jaarlikse syfers van die drie takke vir die finansiële tydperk geëindig 28 Februarie 2011 ontvang.

**GEVRA:**

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak en haal syfers aan om die probleem te ondersteun. Gee in elke geval raad aan Doctor Zulu oor hoe om die probleem op te los. (12)

**INLIGTING:**

| | **RIVERSIDE (ROBBY)** | **VALLEY VIEW (VUSI)** | **MOUNTAIN RISE (MELANIE)** |
|---|---|---|---|
| Aantal bromponies beskikbaar vir verkope | 470 | 300 | 190 |
| Aantal bromponies gedurende die jaar verkoop | 380 | 75 | 190 |
| Fisiese telling op 28 Februarie 2011 | 72 | 225 | Nul |
| Kosprys per bromponie | R7 500 | R7 500 | R7 500 |
| Verkoopprys per bromponie | R11 500 | R11 500 | R11 500 |
| Advertering per jaar | R15 000 | R40 000 | R60 000 |
| Salaris van bestuurder | R30 000 per maand | R30 000 per maand | R30 000 per maand |

**30**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou